# Hoe moet trustees dan kophou?

TERTIUS MAREE
tertius@section.co.za



DEELTITEL-FORUM

Gereelde lesers sou sekerlik al agterkom dat artikel 6 van ons nuwe Bestuurswet vir my 'n besondere haakplek is.

Dit handel oor aspekte wat myns insiens nie in die wet tuishoort nie, maar wel in die bestuursreëls.

Die feit dat dit in die wet vervat word, beteken dat dit nie deur die lede gewysig kan word nie – selfs nie eens by wyse van 'n eenparige besluit nie.

Die wetgewer het hier met sy beheptheid met sekere geskiedkundige onreëlmatighede te ver gegaan. Die aanname is basies gemaak dat dié onreëlmatighede by alle skemas geld en dat alle skemas sy drastiese, bestraffende beskerming nodig het.

**Maar nie alleen bevat** die gewraakte artikel 6 bepalings wat nie in die wet tuishoort nie – dit is boonop swak, onduidelik en dubbelsinnig opgestel.

Ek het onlangs in my rubriek hierna verwys toe ek die onsekerhede rondom die uitdrukking "unfairly adverse effect" in artikel 6(8) bespreek het.

Om te verwag dat trustees in vacuo moet besluit of enige lid op onregmatige wyse nadelig geraak word, vereis 'n onredelike funksie van die trustees – een wat gewoonlik deur 'n regter uitgeoefen moet word.

Dít, tesame met die probleme wat deur die volmag (*proxy*)-beperkings geskep is, sou sekerlik al genoeg wees om die skrapping van artikel 6 te regverdig.

Maar nog is dit het einde niet.

**"Maar nie alleen bevat die gewraakte artikel 6 bepalings wat nie in die wet tuishoort nie – dit is boonop swak, onduidelik en dubbelsinnig opgestel.**

**Kom ons kyk** na subartikels (2), (3) en (4): dit handel oor die kennisgewings wat aan lede uitgereik word oor enige algemene ledevergadering waartydens 'n spesiale of eenparige besluit vir oorweging en stemming voorgelê sal word.

'n Kennisgewing van vergaderings is iets wat by uitstek in die bestuursreëls tuishoort.

Die bepalings word dan ook in bestuursreël 4(5), sowel as bestuursreël 15(6) onder die hoof "notice" aangetref – met vereistes wat nie met artikel 6 ooreenstem nie.

Trustees moet egter verstaan (én probeer onthou) dat die bepalings in artikel 6 slegs geld ten opsigte van vergaderings waar daar 'n spesiale of eenparige besluit ter tafel gelê word.

Die bestuursreëls, weer, geld algemene vergaderings waar daar geen spesiale of eenparige besluit ter sprake is nie.

Die bepalings van bestuursreël 4(5), wat oor dieningsadresse handel, geld eintlik alle kennisgewings en die bewoording daarvan verskil van die gewraakte bepalings in artikel 6.

Kragtens bestuursreël 15(6), is die wyse wat in bestuursreël 4(5) voorgeskryf word die enigste toelaatbare wyse waarop kennisgewings aan lede uitgereik moet word.

Dit is baie verwarrend en maar nog net een van die redes waarom dit só moeilik is deesdae om kandidate vir trusteeskap te kry.

**Dit is egter nie** al nie.

Kyk na die besonderhede van subartikel (3): daarin word die vereistes uiteengesit vir die lewering van die betrokke kennisgewings.

Dit lees só: *The notice contemplated in subsection (2) must be:* **(a)** *delivered by hand to a member;* **(b)** *sent by pre-paid registered post to the address of a member's section in the relevant scheme; or* **(c)** *sent by pre-paid registered post to a physical or postal address in the Republic of South Africa that a member has chosen in writing for the purpose of such notice.*

Dit is tog redelik duidelik sover, maar dan volg subartikel (4): *In addition to subsection (3), a notice contemplated in subsection (2) may also be sent to a member by fax or e-mail.*

**Wat beteken die bepaling?**

Wat beteken *in addition to*?

Is dit 'n nagedagte van die wetgewer wat hy vergeet het om as (d) en (e) in subartikel (3) te voeg?

Of bedoel hy dat kennisgewing ingevolge subartikel (3) gegee moet word, en dat 'n bykomende kennisgewing ingevolge (4) óók gegee mag word.

Ná aanleiding van die talle navrae wat ek al ontvang het, kan ek die wetgewer verseker dat trustees en bestuursagente baie onseker is oor wat die betekenis van dié bepaling is.

Ek het wel my eie interpretasie daarvan wat ek met trustees en bestuursagente deel as hulle navraag daaroor doen.

**Dit lui soos volg:** Ek glo dat subartikels (3) en (4) net 'n geval van baie swak wetsopstelling is.

Die faks- en e-posmetodes van subartikel (4) kon inderdaad as 'n moontlike punt (d) en (e) in subartikel (3) aangebring word – dit sodat daar vyf verskillende opsies is waarvolgens kennisgewings uitgereik kan word.

Myns insiens het subartikel (4) dus geen bestaansreg as 'n aparte bepaling nie en moes dit by subartikel (3) ingelyf gewees het.

Ek glo ook dat artikel 6 van ons Bestuurswet in sy geheel geen bestaansreg het nie.

Nee wat, meneer die wetgewer, hiermee trek ek die geel kaart wat ek jou onlangs toegedeel het terug én vervang dit met 'n rooikaart. Artikel 6 moet waai!

■ **Maree bied binnekort weer 'n kort opleidingskursus vir bestuursagente en trustees aan. Diegene wat die kursus wil doen of meer inligting daaroor verlang, kan e-pos na louise@section.co.za stuur.**